Gestuurde Gemeentes : Gemeenskaps Analise

Sameroeper : Sonja Blignaut

Onderhoudvoerders: Rita van Deventer

Carina Pretorius

Tania Marx

Sonja Blignaut

Daar is 11 onderhoude gevoer met onder andere 'n gemeente in die Alberton gemeenskap, skole (x2), senior lidmaat, verteenwoordiger van Ouetehuis en Aftree-Oord, Suid-Afrikaanse Polisiediens, verteenwoordiger van Kankervereniging, verteenwoordiger van Kinderhuis, verteenwoordiger van Welsynsorganisasie, huiswerker en tuinwerker.

Tydens die onderhoude is die volgende vrae gevra en verskeie antwoorde ontvang:

Van watter probleme in die gemeenskap is u veral van bewus?

- Armoede (baie meer mense wat op straathoeke bedel)
- Egskeidings (geskeurde families)
- Dwelm- and drankmisbruik
- Mense gaan nie meer kerk toe nie
- Kinders ken nie die Bybel / Kerk nie
- Jeug het nie respek vir medemense nie
- Siektes : HIV, Kanker
- Mishandeling
- Inbrake en aanrandings
- Kinders (en families) kry swaar (geen kos en klere)
- Verlating (agterlaat) van familielede
- Bendegeweld
- Bejaardesorg

Wat is die behoeftes van die mense waarmee u te doen kry?

- Mense/kinders het kos en klere nodig
- Ou mense het persoonlike omgee/vertroeteling/bederf nodig
- Arm mense soek blyplek en werk
- Werksekerheid in die huidige finansiële klimaat
- Bekommernis oor skole vir die kinders en dat kinders reg geleer word
- Voorligting oor drank-, dwelmmisbruik, kanker, HIV ens
- Ondersteuning vir mishandelde kinders
- Hulp nodig om by die kerk te kom (bejaardes en invalides)

Wat is hul vrese?

- Waar kry ons kos/klere vir die dag van more.
- Mens kan enige tyd hul werk verloor en wat dan? Wie gaan hul bystaan?
- Ou mense bekommerd as hul nie meer hulself finansieel en liggaamlik kan versorg nie - waarheen sal hul gaan?
- Ouers bekommerd oor kinders se welstand en veiligheid.
- Hoe keer mens dat die kinders drank en dwelms misbruik?
- Gebroke families sukkel om aan te gaan – finansieel, emosioneel, materieel.
- Verlies van menswaardigheid (ou mense en siekes).
- Eensaamheid (ou mense, geskeides, wewenaars/weduwees).
- As jy nie kerk toe gaan nie is jy nie verseker van jou heil nie.

Wat sou moontlike oplossings wees?

- Voedingskemas by skole en verskeie punte in die gemeenskap.
- Klerebanke by skole en kerke.
- Meer gesubsidieerde ouetehuise oop te stel.
- Hulp moet 24/7 beskikbaar wees vir mense wat wil wegbreek van drank/dwelms/mishandeling/siektes.
- Aktiewe polisieering deur gemeenskap om paraatheid en veiligheid te verbeter.
- Maandelikse donasies van spesiefieke artikels na instansies.
- Opleiding en skepping van werksgeleenthede.
- Vervoerskemas om mense by kerke, dokters, winkels en uit te kry.
- Jeug betrokke te kry om bejaardes te versorg / vermaak / uit te reik.
- Meer bewus te word van die finansiële probleme van die gemeente lede en gemeenskap (oop deure met konfidensialiteit gewaarborg).
- Massa gebedsgeleenthede.
- Die jeug weer waardes en norme te leer, om respek en bystand te bied waar nood is
- Huweliksverrykingskursusse
- Ondersteuningsgroepe daar te stel vir enkelouers, ouers met probleemkinders, siektes, mishandeling ens.

Waarmee sou die kerk kon help?

- Gebedsaksies op die been bring wat spesifiek vir elke nood bid.
- Nie-bederfbare items (kos/skoonmaakmiddels/higiëniese items) in te samel en kospakkies op weeklikse / maandelikse basis na instansies te neem.
- Voedingskemas op die been te bring by strategiese punte in die omgewing / skole.
- Jeug te bemagtig om ouetehuise / kinderhuise / welsynsorganisasies fisies te besoek en uit te reik bv Bederfoggend vir bejaardes /Uitkomshuis / Kinderhuis te reël.
- Fondsinsamelingsgeleenthede vir spesifieke nood en verskeie aksies.

- Spesifieke bank rekening oop te maak waarin geld gestort kan word om mense met finansiële nood by te kan staan vir 'n tydperk.
- Werksgeleenthede waarvan gemeente lede weet te adverteer in verskeie kerke in die omgewing.
- Spesifiek uit te vind watter behoeftes daar by die ouetehuis is rakende verfwerk, watter meubels/items benodig word (spesiale beddens, looprame ens)
- Klere bymekaar te maak en af te lewer by verskillende instansies (spesifiek vir daardie instansie se behoeftes)
- Tydens kerkdienste en Sondagskoolklasse waardes en norme met die jeug te bespreek en hul aan te moedig om dit deel te maak van hul daaglikse lewe
- Databasis op te stel van verskeie dienste wat beskikbaar is deur gemeentelede (bv. elektries, loodgieter, berading, medies, ens).